

SABBATSKOOL
BYBELSTUDIEGIDS
VIR VOLWASSENES

3 DIE GERINGSTE VAN HULLE BEDIENING AAN DIE BEHOEFTIGES



Inhoudsopgawe

1	Deur God geskape – (29 Junie tot 5 Julie)	4
2	Bloudruk vir ’n beter wêreld – (6 tot 12 Julie)	12
3	Sabbat: ’n Dag van vryheid – (13 tot 19 Julie)	20
4	Genade en Geregtigheid in Psalms en Spreuke – (20 tot 26 Julie)	28
5	Die profete en hul pleidooië – (27 Julie tot 2 Augustus)	36
6	Aanbid die Skepper – (3 tot 9 Augustus)	44
7	Jesus en die behoeftiges – (10 tot 16 Augustus)	52
8	“Die geringste van hulle...” – (17 tot 23 Augustus)	60
9	Bediening in die Nuwe-Testamentiese Kerk – (24 tot 30 Augustus)	68
10	Uitlewing van die Evangelie – (31 Augustus tot 6 September)	76
11	Uitlewing van die Adventhoop – (7 tot 13 September)	84
12	’n Passie vir barmhartigheid – (14 tot 20 September)	92
13	’n Gemeenskap wat dien – (21 tot 27 September)	100

Redakteurskantoor

Rig skrywe in Engels aan:
12501 Old Columbia Pike
Silver Spring, MD 20904,
U.S.A.

Besoek gerus ons webwerf by
<http://www.absq.adventist.org>

Hoofbydraer
Jonathan Duffy

Redakteur
Clifford R. Goldstein

Subredakteur
Soraya Homayouni

Publikasiebestuurder
Lea Alexander Greve

Redaksionele Assistent
Sharon Thomas-Crews

Pacific Press®-koördineerder
Wendy Marcum

Pacific Press®-koördineerder
Tricia Wegh

Kuns en Ontwerp
Lars Justinen

©Alle kopieregte 2019
Wêreldkonferensie van die
Sewenedag-Adventiste Kerk® word
voorbereid. Geen gedeelte van
die *Sabbatskool Bybelstudiegids*
vir *Volwassenes* (Derde Kwartaal),
mag gereedigeer, verander, gewysig,
aangepas, vertaal, gereproduseer of
gepubliseer word deur enige persoon
of entiteit, sonder die geskrewe
magtiging van die Wêreldkonferensie
van Sewenedag-Adventiste®
nie. Die Sabbatskool Departement
van die Wêreldkonferensie van die
Sewenedag-Adventiste Kerk®
het toestemming om te reël vir
die vertaling van die Sabbatskool-
Bybelstudiegids vir *Volwassenes*; dit is
onderhewig aan sekere riglyne. Die
kopiereg van sulke vertalings en die
publisering daarvan word voorbehou
deur die Wêreldkonferensie.
“Sewenedag-Adventiste”,

“Adventiste” en die vlam-logo is
geregistreerde handelsmerke van die
Wêreldkonferensie van Sewenedag-
Adventiste®, en mag nie sonder
amptelike toestemming gebruik word
nie.

Die *Sabbatskool Bybelstudiegids* vir
Volwassenes (standaarduitgawe)
word voorberei deur die
Sabbatskooldepartement van die
Wêreldkonferensie van Sewenedag-
Adventiste®. Hierdie studiegids
staan onder die algemene leiding van
die Sabbatskool Uitgewersraad, ’n
subkomitee van die Wêreldkonferensie
se Administratiewe Komitee
(ADCOM), en die uitgewer van die
bybelstudiegids. Die bybelstudiegids
weerspieël dus die algemene bydraes
van ’n wêreldwye evalueringskomitee
en die goedkeuring van die
Sabbatskool Uitgewersraad; en
verteenwoordig dus nie uitsluitlik
of noodwendig die sienings en
standpunte van die hoofbydraer en/
of outeur(s) nie. Hierdie uitgawe
word gedruk en versprei in Kaapstad,
Suid-Afrika.

Bybelaanhalings en/of -vertalings

Tensy anders vermeld, word alle skriftuurlike verwysings in die bybelstudiegids vir die derde kwartaal 2019 uit die volgende Bybelvertaling aangehaal:

Skrifaaanhalings gemerk DB en NLV is onderskeidelik geneem uit *Die Boodskap* ©2002 en *Die Nuwe Lewende Vertaling* ©2006. Gebruik met toestemming van Christelike Uitgewersmaatskappy, Posbus 1599, Vereeniging, 1930. Alle regte voorbehou.

Skrifaaanhalings gemerk ABA, NAB en OAB is onderskeidelik geneem uit *Die Bybel vir Almal* © 2007 en *Die Bybel in Afrikaans* ©1983 en 1992, en ©1933, 1953. Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Gebruik met toestemming. Alle regte voorbehou.

E.G. White-aanhalings in Afrikaans

Die Afrikaanse vertalings van die Ellen G. White-aanhalings wat in dié handleiding gebruik word, is vrylik vertaal deur die vertaler. Die vermeldde bladsynommers stem dus ooreen met die oorspronklike Engelse brontekste.

“Die geringste van hulle ...”



Dit is ons roeping as Sewendedag-Adventiste om die “ewige evangelie” (Op. 14:6) aan die ganse mensdom te verkondig. Sodoende hou ons by Jesus se opdrag om dissipels van mense te maak, deur hulle te doop en hulle “te leer om alles te onderhou wat Ek julle beveel het” (Matt. 28:20; OAB - woordorde aangepas deur vertaler). Hy beveel ons onder andere om diegene wat seerkry en hongerly, die vertraptes en die armes, asook diegene wat in die gevangenis is, te bedien.

Let immers op Jesus se opdrag aan sy gehoor, direk na die vertelling van die gelykenis van die barmhartige Samaritaan (Luk. 10:30-36): “Gaan maak jy [oftewel julle] net so” (vers 37, NAB). By ’n ander geleentheid – tydens ’n onderwysing oor die komende oordeel, daardie dag waarop Hy die mense van mekaar sal skei “soos ’n wagter die skape van die bokke skei” (Matt. 25:32, NAB) – noem Hy weer hoe belangrik dit is om na die behoeftiges, die siekes, die naaktes en die gevangesenes om te sien. “Wie my vriende help, al is hulle hoe onbelangrik, help My” (vers 40, DB). Met ander woorde: Benewens al die groot bybelwaarhede – oor

die verlossingsplan, die heiligdom, die toestand van die dode, en die immergeldige wet van God – moet ons ook aktief by naastediens betrokke wees. Dit is tog die beste manier om ander met die evangelie te bereik, deur hulle terselfdertyd by te staan. Nie waar nie? Dit laat dink ’n mens aan daardie welbekende E.G. White-aanhaling: “Die enigste metode wat sukses in sieleredding meebring, is dié van Christus. Die Verlosser het sosiaal met ander verkeer. Hy het hul welstand op die hart gedra en was hulle openlik simpatiekgesind. Hy het ook in hul behoeftes voorsien. [Op daardie manier] het Hy hul vertrouwe gewen. Eers dan het Hy gevra: ‘Volg My’” (*The Ministry of Healing*, bl. 143).

Volgens een van vele beramings, is daar sowat 2,103 bybelverse waarin God sy besorgdheid oor, en spesiale bemoënis met, die armes en verdruktes te kenne gee. Wanneer ’n mens die oproep tot naastediens met die res van jou geloofslewe, of met die leerstellings wat jy huldig, vergelyk (of selfs, in ’n meer algemene sin, met jou Christelike handel en wandel vergelyk), is die gewigtigheid van naastebediening oorweldigend. Met die verligting van ander se pyn en lyding móét ons erns maak. Dit doen immers nie afbreek aan ons evangelisasiepogings nie. Intendeel, dit kan ’n kragtige werktuig tot sieleredding wees. Nietemin is dit goed om ander te help uit pure behulpsaamheid. Ons behoort “reg te laat geskied” (lees Miga 6:8) omdat dit bloot reg en goed is. Tog is dit mos beter wanneer ’n mens, in jou pogings om reg te laat geskied deur in ander se onmiddellike of tydelike behoeftes te voorsien, ook hul aandag vestig op “die hoop wat in julle lewe” (1 Pet. 3:15, NAB) – d.w.s. op die beloofde ewige lewe in en deur Christus.

Jesus het siek mense gesond gemaak. Hy het blindes se sig herstel, melaatses genees, en het selfs mense uit die dood opgewek. Tog sou die dood hulle later inhaal. So was die goeie dinge wat Hy vir hulle gedoen het, deur in hul onmiddellike behoeftes te voorsien, op die keper beskou, net die begin van iets groters. Dié wat seergekry het, het Jesus bygestaan. Tog het dit altyd oorgegaan in die oproep: Volg My. Duidelik behoort ons sy voorbeeld te volg – eers bedien ons die behoeftiges en dan sê ons: Volg die Meester.

Ongetwyfeld is dié soeke na geregtigheid en billikheid en die goeie hier op aarde, ’n kledrepetisie vir die hiernamaals en die koninkryk van God (lees Luk. 4:18, 19) en boonop op ’n wyse wat minstens net so geloofsvas en geldig, en dalk net so doeltreffend, as die prediking daarvan is. Om na die armes en verdruktes om te sien, is inderwaarheid ’n aanbiddingsgebaar; ’n erbetoning aan die lewende God (lees Jes. 58:6-10). Maar wanneer ons ons naastediensroeping te na kom – diegene wat seerkry en ly, wat ongeholpe en gebroke is, verwaarloos, maak ons ons skuldig aan wanvoorstelling van Hom (lees Spr. 14:31). Dié kwartaal se lesse handel dus oor ons plig teenoor die behoeftiges in ons gemeenskappe, veral die Bybelse onderwysing in dié verband (en glo my, dit het sommer baie hieroor te sê!). Matteus 10 vers 8 som dit netjies op: “Julle het dit verniet ontvang, gee dit ook verniet” (NAB).

Jonathan Duffy is sedert 2012 die koördineerder van ADRA International. Voor sy aansluiting by ADRA Australia in 2008, was hy die Suidelike Stille Osaan Divisie se streekskoördineerder vir Adventist Health waar hy ryke ervaring in die bevordering van gesondheid en die ontwikkeling van gemeenskapsgesondheid opgedoen het. Adventist Health is ’n nie-winsgewende organisasie wat gesondheidsdienste aan individue en gemeenskappe bied.